# Die Heilige Gees is reeds uitgestort! Omgeegroepe 24-30 Mei 2015

**1. Lief en Leed**
Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**
Raak rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en buig saam voor God drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees.

**3. Luister na God se Woord**
Ons was die hele Pinksterweek besig met die boek Efesiërs t.o.v. die identiteit en werking van die Heilige Gees. Vandag is dit Pinksterfees waarin ons die uitstorting van die Heilige Gees vier.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Kom ons dink terug oor die Pinksterreeks: Die oorkoepelende tema was **Wie die Heilige Gees vir ons is**! [Ef 1:13 & 4:30]. Daarin het ons gesien dat die Heilige Gees ’n Persoon is – Iemand wat in ’n liefdesverhouding met ons staan! God in ons wat ons **seën ons met al die seëninge in die hemel** [Ef. 1:3]. Dit beteken dat ons die eiendom van God is, deel van sy uitverkore volk, sy kinders wat die gawe van vryspraak ontvang het. Daarna het ons gesien dat die **Heilige Gees al die beloftes van God waarborg** [Ef. 1:13b+14], waarvan Hyself die eerste vervulling is en die versekering is dat die res sal volg. Die **Heilige Gees gee aan ons wysheid en insig om God te ken** [Ef. 1:17]. Dit is ’n geloofskennis; ’n verhoudingswysheid wat besef watter hoop sy roeping inhou en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis vir gelowiges; dat ons erfgename saam met Christus is. Hierdie geloofsperspektief sluit ook die wete van hoe groot sy krag is in die wat glo wat vir ons die vrymoedigheid gee om vanuit Jesus se oorwinning te getuig en lewe! Uit Efesiërs 2:18 het ons ook besef dat die **Heilige Gees aan mense van alle volke die vrye toegang tot God verleen** op grond van Jesus Christus se kruising, opstanding en hemelvaart en ons in ’n nuwe mensheid saamsnoer – hier maak dit nie saak of jy Jood of Afrikaner is nie, besnede of nie. En in Efesiërs 3:16 kry ons die wonderlik besef dat die **Heilige Gees ons innerlik sterk en volwasse maak deur die krag van die Evangelie** – die opstandingskrag van Jesus Christus! *Hierdie krag maak dat ek leer om onreg te verdra, lyding te verduur, en onder alle omstandighede* te volhard, asook om met vrymoedigheid te getuig en elke dag gehoorsaam onder sy leiding te leef!

**5. Luister nou weer na die Woord**
Lees nou Efesiërs 5:15-20 en Efesiërs 6:14-20. Die een gedeelte gaan daaroor dat die Heilige Gees, God in ons ons met lof, eer en dank aan God vul en die tweede gedeelte dat die Heilige Gees ons met sy Woord en deur gebed laat lewe! Dit is die kommunikasie tussen God en ons!

**6. Fokus op wat God doen**
Dink en gesels oor hoe God (die Heilige Gees) ons met sy Woord aanraak en met ons praat en hoe ons deur gebed en lewe antwoord. Ons leer God ken uit sy Woord!

**7. Antwoord met ons lewe**
Deel van ons antwoord is om die Heilige Gees toe te laat om ons te laat groei en om God te loof met sang en gebed. Gesels oor watter lied/ere vir jou die meeste hierin van betekenis is.

**8. Bid nou saam**
Praat nou met God Drie-enig in gebed. Loof en aanbid Hom as julle Vader en as jou Verlosser en as ons Leidsman en Trooster – die Heilige Gees! Dank Hom dat Hy in ons harte hierdie Pinkster weer ’n vlam aangesteek het en dat Hy ons roep en toerus met sy krag om getuies te wees tot aan die uithoeke van die aarde! Bid ook vir ons Dankfees volgende naweek!

**9. Administrasie**
Maak seker van julle diensbeurte en reëlings en beplan om saam die Dankfees by te woon.